

BLOUDRUKFASE

Hoe werk die benoemingsproses om bloudrukwerksessies by te woon?

Sien [hiperskake!](#) na bloudrukproses.

Wat behels die bloudrukontwerpfase?

Die funksionaliteit van die Serosoft Academia-stelsel en die US se vereistes vir 'n bepaalde bedryfsfunksie word in 'n funksiebloudrukdokument aangeteken wat deur Serosoft opgestel word. Sodra die US die bloudruk van Serosoft ontvang, gaan die Universiteit dit na, kom met Serosoft oor enige vereiste veranderinge ooreen, en keur dit goed. Serosoft sal die dokument dan gebruik om ons stelsel te ontwerp.

Wat is 'n bloudrukwerksessie?

Dit is 'n toegewyde werksessie waar Serosoft hulle huidige stelsel demonstreer soos dit reeds vir hulle ander kliënte opgestel is, waarna detailgesprekke sal plaasvind sodat die US die Serosoft-proses kan verstaan, en Serosoft die US-proses kan verstaan. Die vraag "waarom?" sal gereeld gevra word.

Wie behoort die bloudrukwerksessies by te woon?

Enige personeel/studente wat by die funksies betrokke is, kan/sal benoem word om die werksessies by te woon. Jy is byvoorbeeld betrokke indien jy die aanvoerder van funksie-aktiwiteite is, data uit ander mense se aktiwiteite ontvang, of 'n ander, latere proses/aktiwiteit aanvoer.

Waarom is dit belangrik om die bloudrukwerksessies by te woon?

Jy sal die geleentheid hê om 'n nuwe stelsel te help bou wat die US die toekoms in sal neem deur nuwe werkswyse te voorsien, prosesse en die nut daarvan te verduidelik, en 'n beter begrip te vorm van ander prosesse/funksies waarby jy nie op 'n daaglikse grondslag betrokke is nie.

Wat is die eindproduk van 'n bloudrukwerksessie?

Serosoft maak alle US-vereistes bymekaar en voer dit dan by hulle bestaande stelsel in om ons van die "bloudruk" te voorsien van hoe ons stelsel met betrekking tot funksionaliteit sal lyk. Die eindproduk is 'n bloudrukdokument, wat die US dan moet nagaan om te sorg dat dit akkuraat is.

Wat is 'n bloudrukdokument?

'n Bloudrukdokument sit die US-prosesvloei en -vereistes vir elke funksie uiteen.

Hoe werk die proses om die bloudrukdokument goed te keur?

'n Funksionele vakinhoudkenner (VIK) sal vir elke funksie aangewys word, wat die proses sal bestuur om die bloudrukdokument te voltooi en te laat goedkeur. Die VIK's sal ander belanghebbendes aanwys om hulle die dokument te help voltooi.

Wie is daarvoor verantwoordelik om die bloudrukdokument goed te keur?

Die funksie-eienaar sal die dokument goedkeur. Dit sal in die meeste gevalle 'n senior of hoofdirekteur van die US wees.

Wie is die funksie- en proseseienaars?

Hierdie rolspelers word op die oomblik geïdentifiseer en goedgekeur.

Wat gebeur met belangrike kwessies/besluite wat gedurende die bloudrukwerk sessies na vore kom en geëskaleer moet word?

Dit word by die bloudrukdokumente ingesluit en dan via die funksie-eienaar vir beoordeling en goedkeuring na die betrokke persoon of struktuur verwys.

Wie aanvaar eienaarskap van hierdie proses (bv. uitsonderings wat standaardisering, beleide, bedryfsdoelwitte kan beïnvloed)?

Die funksie-eienaar

Hoe sal hierdie eskalasies/besluite projektydlyn beïnvloed?

Opleiding sal 'n baie belangrike aspek van hierdie projek wees, en sal na gelang van projekdoelwitte gereël word. Volledige kommunikasie in hierdie verband volg binnekort.